# Going back – Week 5: *"Here, ons is bly oor die groot dinge wat U aan ons doen!"*

**Daar is 15 Psalms (120-134) wat die Jode gebid en gesing het oppad na die tempel toe.** As ons kyk wat die Jode gedoen het in onseker tye, waarin hulle baie keer was, dan het hulle opgetrek Jerusalem toe, het hulle na die plek toe gegaan waar hulle geglo het God is en het hulle gaan bid.

***Ek wil jou uitdaag om vir 2 maande hierdie Psalms/gebede saam met my te bid… al is dit al wat jy doen, bid dit 'n paar keer elke dag***

In **week 1** het ons gebid: ***"I'm in trouble. I cry to God, desperate for an answer."***
In **week 2** was die uitdaging: ***"Ek kyk op na die berge. Waar sal my hulp vandaan kom? My hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het***
In **week 3** het ons gebid: ***"Here, ek wil U loof! Ek kom om U te worship!"***
***In week 4*** het ons gebid***: "Here, ontferm U oor my... sodat ek my oor ander kan ontferm... have mercy… sodat ek mercy kan wys…"***
**In week 5 bid ons: *"Here, ons is bly oor die groot dinge wat U aan ons doen!"***

**CONNECT** met die Here:

- **Raak eers net stil**
- **Maak jou hande oop asof jy alles wat jy het vir die Here wil weggee**
- **Gee nog kans vir stilgebed en wag 'n paar oomblikke**
- **Laat een persoon Psalm 126 as gebed lees, en bid daam:** *"Here, ons is bly oor die groot dinge wat U aan ons doen."*
- **Bly nog stil vir 'n minuut of wat voor julle "amen" sê.**

**CONNECT** met die Here deur sy Woord - **Lees nou Psalm 126 weer.**

'n Pelgrimslied.
Toe die Here die lot van Sion verander het,
was dit vir ons soos 'n droom.
2 Ons het gelag en gesing.
Onder die nasies het hulle gesê:
"Die Here het groot dinge aan hierdie mense gedoen."
3 Die Here het groot dinge aan ons gedoen; ons was bly.
4 Verander tog ook nou ons lot, Here, soos U droë spruite
in die Suidland in water strome verander.
5 Wie met trane saai, sal die oes met gejuig inbring.
6 Al loop hy en huil terwyl hy die saaisak dra,
hy kom juigend terug terwyl hy sy gerwe dra.

**Die Jode is oppad terug tempel toe en as hulle terugstap dan dink hulle aan al die groot en great goed wat die Here in hulle lewens gedoen het** – "***hoe die Here hule lot verander het***" – **v 1.**

Hulle reaksie is eintlik – "***dit was soos 'n droom***" – **v 2**, of in ander woorde, dit was te goed om waar te wees!

- **Watter groot dinge het in julle lewens gebeur die afgelope 18 mnde? Watter "*te goed om waar te wees*" het Hy al in jou lewe gedoen?**

Met ander woorde, hulle kyk terug oor die pad waarmee hulle gekom het en verklaar in **v 3***: "Die Here het groot dinge aan ons gedoen; ons was bly."*

- **Is daar iets spesifieks waaroor jy bly is?**

**In die tweede deel van die Psalm, kyk die skrywer dan vorentoe en hy verklaar dat ook dat die pad vorentoe vreugde inhou.**

Boere weet hoe nodig het hulle reën en hoe belangrik is dit om te saai as jy wil oes. Boere weet ook dat dit nie maklik is nie en dat daar baie misoeste en droogtes is, swaar tye en teleurstellings is deel van boerdery. Die skrywer van hierdie Psalm sit heel waarskynlik in ballingskap, so hy verstaan swaarkry!

- **Watter beloftes is daar vir jou in v 4-6** vir al die hartseer en teleurstelling en droogtes en swaarkry, vir 'n nuwe pad, tyd?

Ons mag opgewonde wees oor 'n nuwe tyd wat vir ons voorlê waarin ons weer kan saai (*in ons kinders se lewens, in ons verhouding met ander en met die Here*) en mag weet God sal laat groei, Hy sal nuwe lewe bring en die oes gee.

**CONNECT** met die Here:

Ons gaan vir die volgende 10 weke by hierdie 15 Psalms leer hoe om te bid as ons wil terug-gaan na die Here toe (*en ook sommer om ons harte voor te berei vir ons teruggaan kerk toe*).

Elke week gaan ons 'n nuwe gebed aanleer. Die challenge is om die Psalm elke dag van die week 'n paar keer te lees en elke keer die gebed van die Psalm te bid:

***Die gebed vir week 5*** is***: "Here, ons is bly oor die groot dinge wat U aan ons doen!"***

**Lees weer Psalm 126 as stilgebed**

**Gee vir elkeen kans om op sy eie te bid**

**Lees dan hardop Psam 134 (***Ons gaan elke week met hierdie Psalm afsluit***)**